
2

KEN JY HIERDIE

GOOD

Inleiding

Welkom by ons 40-dae verkenningstyd! In hierdie 40 dae gaan jy voorgestel word aan 'n God wat ons so graag wil hê elke mens moet ken. Selfs die van julle wat Hom reeds ken, sal in hierdie tyd nuwe ontdekkings maak. Ons noem hierdie verkenningstyd: *Ken jy hierdie God?* Reis gerus saam met ons.

Vandag is daar soveel verkeerde idees oor God; van die idees kom vanuit ons kinderdae, kerkbelewenis of persoonlike belewenisse. Hierdie 40-dae het ten doel om hierdie verkeerde idees wat jy oor God mag hê, uit te daag en nog meer; jou aan 'n God bekend te stel wat jou ongelooflik lief het. In die reis sal jy leer dat hierdie God jou AANVAAR, jou VERANDER, met jou wil PRAAT, al sy BELOFTES hou, vir jou 'n TOEVLUG is en ook vir my en jou STUUR met Sy boodskap van liefde.

Om maksimum uit die 40-dae te put is daar drie belangrike komponente waaraan jy jouself moet toewy:

- (1) Woon die ses Sondae by,
- (2) Doen die 6 weke se dagstukkies en
- (3) skakel in by 'n groep wat saam 'n DVD gaan kyk en dit dan gaan bespreek.

Hoe om die boekie te gebruik

As jy Sondag die diens bywoon, gebruik die gedeelte vir die preeknotas om neer te skryf wat jou raak. Memoriseer ook die week se memoriseervers. Doen dan in die week wat volg die vyf dagstukkies op jou eie tyd en woon die DVD-bespreking by. Notas en vrae vir hierdie bespreking is ook in die dagstukkiesboekie.

Ken jy hierdie God is gesamentlik ontwikkel deur vier gemeentes. Hulle is AGS Bellville, Dei Gratia Gemeente, Impetus Gemeente en Waterkloof AGS.

Geniet dit!

Die “Ken jy hierdie God?” span.

Week 3

HY PRAAT MET ONS



?
KEN JY HIERDIE
GOD

Wees stil

en weet

EK

IS

GOD

Psalm 46:11 [NLV]

Be still
and know that
I
am
God

Psalms 46:11 [NIV]

Week 3: Hy praat met ons.

Dag 1: *Stilte.*

Wees stil en weet dat Ek is God. Psalm 46:11 [NLV]

Regdeur die Bybel is dit baie duidelik dat God nie stil is nie. Hy praat. Hy praat met Adam en Eva, Hy praat met Moses, Hy praat met Elia, die lys gaan aan en aan. Gister het ons in die preek dit duidelik gemaak dat vir ons om Hom te hoor, ons stilte moet opsoek. Daarom, voor jy verder lees, moet ek die volgende vra: Is jy op 'n stil plek vandag terwyl jy hierdie lees? Indien nie, kan dit baie help as jy dit probeer doen. Sit ook jou selfoon eenkant en stel die volume af.

Van selfone gepraat, ons almal se selfone het 'n funksie om die volume af te sit. As ons in 'n rolprentteater sit of by 'n konsert, word ons gevra om asseblief te “switch to silent”. Ons lewens is baie keer soos 'n selfoon wat nie stil is nie. Ons hardloop van die een afspraak na die ander en die een onderwerp na die ander. Daar is net te veel stemme wat geraas maak in ons lewens en dit maak dit vir ons moeilik om God te hoor praat. Selfs jou lewe, hoe besig dit ook mag wees moet jy “switch to silent”. Hierdie is egter makliker gesê as gedaan. Hoe doen ek dit? Kan ek 'n eenvoudige oefening voorstel wat Bill Hybels, pastoor van 'n gemeente in Chicago, vir sy gemeente geleer het? Hy noem dit “die stoel”, en al wat dit beteken is dat jy 'n sitplek sal kry iewers waar jy op 'n daaglikse basis tussen vyftien en dertig minute alleen met God kan spandeer. Ons het almal iewers 'n plek waar jy kan gaan sit en stil raak. Dit kan in 'n studeerkamer, spaarkamer, sitkamer, tuin, kantoor of 'n park wees. Dit maak nie saak waar hierdie plek is nie, jy moet net in staat wees om een keer 'n dag na die plek toe te gaan en vir 'n tyd alle stemme om jou stil te maak. Dit is so dat vroegoggend of laat in die aand vir meeste mense die beste sou werk, maar elkeen van ons het ander dagprogramme, so vind die plek en die tyd wat die beste vir jou sal werk.

Psalm 46 is 'n vertrouenspsalm wat met groot sekerheid bely dat die Here 'n toevlug en krag is in tye van nood. Selfs al skud die berge en bruis en skuim die waters van ons lewens met onstuimigheid is Hy ons toevlug en sterkte. Al hierdie is waar, maar ons sal nooit vanuit hierdie bewustheid kan leef as ons dit nie weet en ons eie maak nie. Hoe doen ons dit?

“Wees stil en weet...” vers 11

Die uitdaging van hierdie week is om stilte op te soek sodat jy hierdie God kan leer ken wat met jou wil praat!

Refleksie: Waar is daar 'n plek in my huis of by die werk en 'n tyd in my dag waar ek kan stil raak?

Gebed: *Here, ek wil stil raak en bewus word van U grootheid en betrokkenheid in my lewe vandag. Dankie dat U 'n God is wat met my wil praat.*

Week 3: Hy praat met ons.

Dag 2: *Die Stoel.*

Wees stil en weet dat Ek is God. Psalm 46:11 [NLV]

Gister was jy uitgedaag om 'n stoel te vind waar jy iewers kan gaan sit en vir vyftien tot dertig minute stil raak. Ek hoop dat jy nou, terwyl jy die dagstukkies lees in daardie stoel sit of op daardie plek is. Vandag wil ek vier oefeninge voorstel wat jy kan doen as jy hierdie tyd uitgesit het om met God te spandeer:

Eerstens moet jy stil raak, en soos ons vers van gister en vandag sê, bewus word van God. Sluit jou oë, luister net na jou eie asemhaling en raak bewus daarvan dat jy nie alleen is nie, maar dat God by jou is. Hierdie is 'n tyd van saamwees met mekaar. Hier kan jy wees wie jy is en praat oor wat jy wil.

Tweedens kan jy altyd tydens hierdie tyd iets lees. Dit kan 'n dagstukkies soos hierdie wees, of 'n stuk uit die Bybel. As jy uit die Bybel lees, maak seker dat jy nie net lukraak rond en bont in jou Bybel lees nie, maar dat jy 'n leesplan het. As jy klaar gelees het kom die volgende oefeninge logies. Jy moet nou reflekteer oor wat jy gelees het.

Deur te dink en selfs jou gedagtes neer te skryf is die *derde* oefening wat jou tyd in die stoel effektief maak. Ek weet van baie mense wat 'n joernaal hou en net hulle gedagtes elke keer neerskryf. As jy aan die einde van 'n week of 'n maand weer jou gedagtes en gevolgtrekkings lees, dan kan jy duidelik sien hoe die Here met jou gewerk het en jou gelei het.

Laastens moet jy tyd maak vir gebed. Hierdie is 'n tyd waar jy jou dankbaarheid vir Hom kan noem, maar ook jou bekommernisse, jou bewondering aan Hom kan vertel en ook jou vertwyfeling kan bring. Hiervoor help 'n gebedslysie. Keer op keer het ek al teruggegaan in my joernaal en my gebedslysies nagegaan en in verwondering gestaan oor die gebede wat Hy wel geantwoord het. Moet ook nie nalaat om weer op die einde stil te raak en te luister of God jou nie van iets bewus wil maak nie. Onthou ons God praat met ons!

Weet die volgende: Van jou grootste besluite gaan jy in hierdie stoel neem en van jou beste ontmoetings met God sal in hierdie tye van stilte met jou gebeur.

Refleksie: Dink oor hierdie vier oefeninge en dink hoe dit die beste vir jou sal werk. Onthou ons almal verskil.

Gebod: *Here, baie dankie dat U met my wil praat. Ek wil luister. Ek bid dat, soos ek hierdie oefeninge deel van my stiltyd maak, U teenwoordig sal wees, maar nog meer Here, dat ek teenwoordig sal wees.*

Week 3: Hy praat met ons.

Dag 3: 'n Deeglike Onderzoek.

Deursoek my, o God, en ken my hart; toets my en ken my onrustige gemoed. Kyk of daar enige sondige neiging by my is, en lei my op die regte pad.

Psalm 139:23 &24 [NLV]

Dit was die bekende filosoof Plato wat opgemerk het dat 'n *unexamined life* nie die moeite werd is om te leef nie en dat ons hoofsaaklik leer vanuit die refleksies op die lesse in ons lewens eerder as die lesse opsigself. Om God te hoor praat is dit nodig om te reflekteer en die beste refleksie om mee te begin is die refleksie op ons lewens.

Die vroeë kerkvader Ignatius van Loyola het meer as 400 jaar gelede 'n eenvoudige gebedsrefleksie voorgestel wat hy genoem het die "Daaglikse-Onderzoek-Gebed". Dit is 'n gebed wat aan die einde van die dag gedoen moet word, maar kan ook maklik met 'n aanpassing of twee aan die begin van jou dag gedoen word. Dit werk as volg:

- **Raak bewus** van die Here se teenwoordigheid by jou. Dink aan gister, of as jy dit in die aand doen, die gebeure van jou dag. Besef dat Hy elke oomblik by jou was.
- **Reflekteer op jou dag met dankbaarheid.** Soveel wat gebeur het en wat jy kon geniet het, was gawes uit God se hand. Raak net dankbaar.
- **Dink aan die emosies** wat jy ervaar het. Hierdie kon opgewondenheid, blydschap, verwerping, woede, haat, liefde ens. wees. Gewoonlik sal God in hierdie tye deur sy Gees die negatiewe emosies vir jou uitlig. Die areas waaraan jy moet werk. Raak bewus van hierdie areas.
- **Bid gerus nou oor een oomblik van jou dag** wat jy voel die Here jou na toe terugneem in jou gedagtes. Dit kan 'n persoon, 'n gevoel of 'n insident wees.
- **Kyk nou na die dag wat voor jou lê** en bring dit voor die Here. As jy vrese of uitdagings het, bring dit in hierdie oomblik vir die Here.

Deur hierdie selfondersoek te doen plaas jy jouself in die posisie waar God met jou kan praat. Onthou as Hy praat lei Hy, MAAR wys Hy ons ook tereg. Dit is hoekom ons skrifvers van die dag juis sê: *"Kyk of daar enige sondige neiging by my is"*.

Refleksie: Gaan gerus deur die stappe van hierdie refleksie-oefening.

Gebed: *"Deursoek my, o God, en ken my hart; toets my en ken my onrustige gemoed. Kyk of daar enige sondige neiging by my is, en lei my op die regte pad."*

Week 3: Hy praat met ons.

Dag 4: Sy stem, onverwags.

Na die wind was daar 'n aardbewing, maar die Here was nie in die aardbewing nie. Na die aardbewing was daar 'n vuur, maar in die Here was nie in die vuur nie. Na die vuur was daar die geluid van 'n sagte gesuis. 'n Stem het gesê: 'Wat maak jy hier Elia?' 1 Konings 19:11b-13 [NLV]

Hierdie is 'n uittreksel uit die verhaal van die profeet Elia (lees gerus die hele storie in 1 Konings 18 & 19) wat na 'n baie groot oorwinning oor die afgode wat Israel aanbid het, moes vlug vir sy lewe. Hy het 'n doodsdreigement van die koningin ontvang en het weggevlug. 'n Depressie het hom getakel en hy het eerder gewens om te sterf. Dan eindig hy in 'n grot op en God kom om met Hom te praat. Die Here doen dit op 'n baie interessante manier. Eers is daar 'n rukwind; Elia moes sekerlik gedink het dat God sou praat vanuit die rukwind. Dit gebeur egter nie. Dan is daar 'n aardbewing en alles skud, iets wat Elia moes herinner het aan Israel se geskiedenis waar die Here dikwels die berg geskud het voordat Hy met Sy volk gepraat het. Ook by die geleentheid praat die Here nie. Skielik was daar vuur. Dit moes Elia herinner het aan Moses se doringbos en die vuurkolom wat voor die volk uitgegaan het in die woestyn. Hy was gereed om God te hoor, maar in die vuur was die Here se stem ook nie. Die Here praat dan in 'n sagte gesuis van 'n windstilte, op 'n manier wat die profeet dit nie verwag het nie. God praat, maar nie altyd op die manier en deur die kanale wat ons verwag nie.

Soms verwag ons dat God deur 'n groot prediker op die TV of deur die woorde van 'n bekende skrywer met ons sal praat. Of, ons maak die Bybel oop op die bekende plekke waar ons altyd antwoorde gekry het, maar niks kom nie. Die rede is omdat God op baie meer maniere met ons wil kommunikeer en as jy net luister vir een manier, jy baie maklik Sy stem kan mis.

God se antwoord aan Elia is ook heel waarskynlik nie wat hy verwag het nie. Hy was depressief en moedeloos. Woorde van bemoediging sou gepas wees, maar God kies om hom met 'n vraag te antwoord: *“Wat maak jy hier Elia?”* Soms is dit wat ons van God hoor nie altyd wat ons wil hoor op die oomblik nie, maar dit is wat ons moet hoor. Bring jouself op daardie plek waar jy oop is om van Hom te hoor waar ook al en wat ook al Hy sê.

Refleksie: Skryf die maniere van hoe jy verwag God met jou sal praat. Onthou egter Hy werk soms buite die houertjies waarin ons Hom plaas.

Gebed: *Here, maak my hart ontvanklik om U stem deur wat ook al en waar ook al te hoor. Vergewe my vir die houertjies waarin ek U soms plaas.*

Week 3: Hy praat met ons.

Dag 5: Doen jy wat die God sê?

Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragpatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatriene vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hy wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed, aanvaarbaar en volmaak is. Romeine 12:2 [NLV]

As ons eerlik moet wees, sou ons almal erken dat ons die Here se wil soek en dat dit juis een van die hoofredes is hoekom ons Sy stem wil hoor. Ons wil weet wat dit is wat Hy vir ons lewe in gedagte het en ook hoe Hy wil hê dat ons moet optree. Ons wil graag doen soos die laaste gedeelte van die vers sê: “...dit wat werklik goed, aanvaarbaar en volmaak is”.

Wat ons egter nie moet vergeet nie is dat ons baie van God se wil in Sy Woord opgeteken vind. Dit wat in die Bybel staan is ook deel van Sy wil. As Hy sê dat ons nie egbreek moet pleeg nie, kan ons nie Sy wil soek as 'n versoeking ons pad langs kom om egbreek te pleeg nie. Sy wil is reeds duidelik bekend gemaak in die Bybel. Hy het reeds gepraat, ons moet dit doen.

'n Groot probleem van ons leefstyle, veral die areas wat ons sukkel om in lyn met Sy wil te kry, het te doen met ons gedragpatrone. Ons dink deesdae nie meer veel anders as hoe die wêreld dink nie. Om te jok is vir ons aanvaarbaar, om twee keer 'n maand in die kerk te wees is mos hoe almal dit doen, om al my geld net vir myself te hou en die beginsel van tiende te ignoreer is mos maar waartoe die ekonomie ons dryf, om oneerlik, oneties, ontrou, onvergewensgesind, rassisties of haatdraend te wees is mos maar hoe almal is. Die lysie gaan aan en aan. As ons eerlik moet wees; God het reeds oor dié goed in ons lewens gepraat. Hoe lank gaan ons nie luister nie. Hoe lank voordat die dinge wat Hy duidelik vir ons sê, deel van ons denke word. Tevergeefs gaan ek en jy probeer om ons gedrag te verander as ons nie Sy waarheid ontvang nie. Dit is Sy waarheid wat Hy in ons lewens inspreek wat dan deel van ons waardes word en op die einde ons gedrag ook verander. God is 'n God wat praat, kom ons word 'n mens wat doen.

Julle moet mense word wat doen wat die woord sê. Moet dit nie net aanhoor nie; dan bedrieg julle julleself. Jakobus 1:22 [NLV]

Dis altyd goed om te hoor wat God sê, want Hy is 'n God wat met ons praat, maar ons moet dan dit waaroor Hy praat doen.

Refleksie: Waaroor praat God met jou?

Gebed: Here, baie dankie dat U met my praat en my nooi na die stiltes waar ek bewus kan word van U stem. Help my egter om te doen wat U vir my sê.

DVD Bespreking

Week 3: God praat met ons.

Daar is 'n algemene gevoel onder mense dat God nie kommunikeer nie en dat dit moeilik is om Sy wil te verstaan. Tog, as ons deur die Bybel lees, sien ons dat Hy wel met sy kinders praat:

Adam en Eva:

*Teen die aand hoor hulle hoe die Here God in die tuin loop. Hulle kruip toe weg tussen die bome. Die Here God het toe _____: 'Waar is jy?'
Genesis 3:8&9 [NLV]*

Abram:

Die Here het _____: 'Trek weg uit jou land...' Genesis 12:1 [NLV]

Moses:

Toe die Here sien dat Moses naderkom om ondersoek in te stel, het Hy uit die bos _____: 'Moses Moses!' Eksodus 3:4 [NLV]

Josua:

Moses, die dienaar van die Here, is dood. Daarna het _____, die seun van Nun, _____. Josua 1:1 [NLV]

Samuel:

Die Here kom staan toe daar _____ soos die vorige kere: 'Samuel, Samuel!' Samuel het geantwoord: 'Ja Here, u dienaar luister.' 1 Samuel 3:10 [NLV]

Die Profete:

"En die woord van die Here het tot my gekom..." Meer as 60 keer in die OT.

Vroeër het God dikwels en op baie maniere deur die profete met ons voorvaders gepraat. Maar nou, in hierdie laaste dae, _____ deur sy Seun. Hebreërs 1:1&2 [NLV]

Jesus se woorde:

Julle noem ek lankal vriende, omdat Ek alles wat Ek by my Vader gehoor het aan julle verduidelik het. Johannes 15:15 [NLV]

Op watter maniere praat God vandag met ons?

1. Deur _____

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en is nuttig om ons te onderrig, die verkeerde te weerlê, om ons tereg te wys en om die regte lewenstyl by ons te kweek.

2 Timoteus 3:16 [NLV]

2. Deur die Heilige Gees _____

'n Keer toe hulle bymekaar was om die Here te dien en om te vas het die Heilige Gees gesê: 'Sonder nou vir Barnabas en Saulus vir My af...' Handeling 13:2 [NLV]

Innerlike bewuswording kan ook kom deur ander stimulasies: Drome, 'n lied wat jy hoor, 'n rolprent wat jy sien of 'n oomblik in die natuur. God praat en kan enigiets gebruik.

3. Deur _____

1. Deur _____

Hoewel Hy (Jesus) die Seun was, het Hy _____, geleer wat gehoorsaamheid is. Hebreërs 5:8 [NAV]

Vrae vir bespreking:

1. Voel jy dat die Here wel van tyd tot tyd met jou praat?
2. Wat is vir jou die manier waarop dit die meeste gebeur?
3. Vertel vir die groep van 'n keer wat jy die duidelikste leiding van die Here gekry het en hoe dit gewerk het.

